Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

Geagte Ouers

PERSONEEL VERJAARSDAE

20 Mei – Suritha du Preez
31 Mei – Chris Jooste

UIT DIE KANTOOR

In ons lewe kry ons baie verskillende mense; ons kry grapperige mense, ons kry negatiewe mense en ons kry positiewe mense.

Liewe Jesus sê vir ons ons moet 'n besluit maak oor wie ons wil wees! Ons moet ophou om agtertoe te kyk, want Jesus wil eintlik hê ons moet die verlede vergeet en fokus op die toekoms. Ons kan niks doen aan die verlede nie, maar ons kan wel iets aan die toekoms doen deur karakter te wys deur die keuses wat ons maak in ons lewens. Ons moet op die nou en die toekoms fokus.

Kies om die regte ding te doen. Kies om eerlik te wees. Kies om ander met respek te behandel. Jesus wil hê ons moet die vrugte van die Gees leef. Ons moet die volgende in ons lewens hê:

Liefde ♥ Vreugde ♥ Vrede ♥ Geduld ♥ Vriendelikheid ♥ Selfbeheersing

Kom ons by Hoërskool Goudini maak 'n verskil!

SKOOLFONDS

Baie dankie aan elke ouer wat hulle skoolfonds stiptelik betaal en die skool ondersteun in ons visie om die beste onderrig daar te stel vir elke kind. Ongelukkig is daar vele ouers wat nie saamwerk nie. Graag versoek ons dat alle agterstallige skoolfonds asseblief voor/op 31 Mei 2016 inbetaal sal word. Dit is nie vir die skool aangenaam om enige ouer te oorhandig aan die skool se invorderaars nie. Help ons asseblief in hierdie verband.

REKENAARLOKAAL

Ons doen 'n beroep op u as ouers om u kind aan te moedig om die rekenaarlokaal by die skool te gebruik. Dit word spesiaal vir elerders beskikbaar gestel om hul take, huiswerk en RTT te doen. Die rekenaarlokaal is elke Dinsdag en Donderdag oop vanaf 14:00 tot 15:30.

VEILIGHEID VAN LEERDERS

Dit is onder ons aandag gebring dat daar persone is wat nie die veiligheid van ons kinders in ag neem wanneer hul op ons skoolterrein bestuur nie. Ons rig 'n vriendelike versoek dat ouers asseblief versigtig en stadig sal ry. Baie dankie dat ons kan staatmaak op u samewerking in die verband.

SPORTUITSLAE

HS RUGBY VS ASHTON (TUIS)

o.15	-	wen 24-7
o.19B	-	verloor 0-5
o.19A	-	verloor 10-13

HS RUGBY EN NETBAL VS DVG (TUIS)

Rugby:	o.15	-	wen 40-7
	o.19A	-	wen 21-15
Netbal:	o.14A	-	verloor 4-20
	o.14B	-	verloor 6-20
	o.17B	-	wen 25-3

ONS Sê TOTSIENS

Ons sê met groot hartseer totsiens aan Mev Thiart. Sy was sedert Januarie 2013 as finansiële sekretaresse werksaam by Hoërskool Goudini. Sy was voor dit ook verskeie jare werksaam te Hoërskool Goudini. Ons wil haar graag bedank vir haar harde werk en lojaliteit deur die jare. ons wens haar alles van die beste toe vir die nuwe hoofstuk in haar lewe.

RUGBY EN NETBAL VS VICTORIA PARK (WEG)

Rugby:	o.7	-	gelykop 2-2			
	o.8	-	verloor 2-0			
	o.11	-	verloor 19-10			
	o.13	-	wen 66-0			
Netbal:	o.7	-	verloor 0-3	o.8	-	verloor 0-5
	o.9	-	wen 7-2	o.10A	-	gelykop 3-3
	o.10B	-	verloor 4-1	o.11A	-	verloor 2-9
	o.11B	-	verloor 1-2	o.12	-	wen 5-2
	o.13	-	gewen 10-8			

SEñOR CHEF

Die Señor Chef produkte wat addisioneel bestel is, is op pad. Ons het reeds vroeg in die week die bestelling geplaas. Ons vra om verskoning vir enige ongerief.



KRIEKET

Morné Steyn is deel van die Noord-Boland o.10 krieketspan en het verlede naweek (23 April) te Robertson deelgeneem aan proewe. Hy neem ook komende naweek op Worcester deel aan proewe. Ons is baie trots op hom!

RUGBY

Pieter Hamman en Sipho Bantubathi het die o.13 Noord-Boland rugbyspan behaal. Ons is baie trots op die manne en wens hulle sterkte toe met die volgende stel proewe vir Boland wat op 6 en 7 Mei plaasvind.

NETBAL

Baie geluk aan Rhuwhina Apollis wat gekies is vir die o.11 Noord-Boland netbalspan. Sy gaan Saterdag, 7 Mei aan die finale Wynland proewe deelneem.

Die volgende leerders is gekies om Woensdag, 20 April, deel te neem aan die Wynland-Noord netbalproewe: Phillida Phillips, Maryke Pekeur, Cilene Syster, Joci-Lynn Pietersen, Catherine Engelbrecht, Rodnay Hendricks en Caylin Cupido. Catherine en Maryke is gekies vir die Kaapse Wynland proewe wat Saterdag, 23 April plaasgevind het in die Paarl. Ongelukkig is nie een van hulle gekies vir verdere proewe nie.

DANS

Annemie Hugo het Saterdag, 16 April deelgeneem aan die Winelands Grandslam kompetisie. Sy het ses eerste plekke en twee tweede plekke behaal in ballroom en Latin. Baie geluk!

LEERDERS VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat in Mei verjaar. Mag dit 'n baie mooi jaar vir julle wees!

	LAERSKOOL		HOëRSKOOL	
MEI	1	Dorian Pietersen	2	Cliff Pedro
	3	Laquisha Pekeur	3	Lorenzo Moses
	3	Darenay Afrika	4	Charn Visagie
	5	Jeneveve Kruger	4	Zimkhitha Dayimani
	5	Herman Botha	8	Maurcion Olifant
	6	Arné Jordaan	8	Stephanie Olifant
	9	Devron Adams	8	Lorenzo Visser
	10	Danell Burger	9	Dewald Sylvester
	15	Sipho Bantubathi	10	Maryke Pekeur
	16	Adrien Laubscher	15	Sherylene Fredericks
	20	De Wet du Toit	19	Korné Stuurman
	20	Stefan Plaatjies	20	Geraldine Pieterse
	22	Shandré Kees	20	Mischka Arendse
	22	Mia Human	21	Deano van Wyk
	22	Shawn Eksteen	22	Elzayne Bezuidenhoudt
	23	Evelicia Titus	22	Nolan Pienaar
	28	Annemie Hugo	30	Juanyta Doring
	28	Tracey-Lee Vermeulen		
	29	Johandra Prins		
	29	Neshville van Wyk		

WINTERSDRAG

Leerders moet asseblief vanaf **Dinsdag, 3 Mei** wintersdrag dra. Sportklere, skoolsweetpakke, sokkies, dasse en wapens is by Mev Lana du Toit te koop. Hiermee weer 'n pryslys van die items deur haar verkoop. Ander winter skooldrag is by PEP en De Jagers (Worcester) te koop.

PRYSLYS TOT 1 SEPTEMBER 2016					
KLEREBANK TYE: MAANDAE & WOENSDAE 12:30 TOT 14:00					
GROOTTE	**SPORTHEMPIE**	**SPORTBROEKIE**	**NETBALROMPIE**	**SWEETPAK**	**SWEETPAK**
				BAADJIE	**BROEK**
5-6 jr	R135-00	R95-00	R100-00	R300-00	R150-00
7-8 jr	R140-00	R100-00	R105-00	R305-00	R155-00
9-10 jr	R145-00	R115-00	R115-00	R310-00	R160-00
11-12 jr	R150-00	R120-00	R120-00	R315-00	R165-00
13-14 jr	R155-00	R125-00	R125-00	R320-00	R170-00
S	R160-00	R130-00	R130-00	R325-00	R175-00
M	R165-00	R135-00	R135-00	R330-00	R180-00
L	R170-00	R140-00	R140-00	R335-00	R185-00
XL	R175-00	R145-00	R145-00	R340-00	R190-00
XXL	R180-00	R150-00	R150-00	R345-00	R195-00

GRAAD 1 - 3	
WINTER	
DOGTERS	**SEUNS**
Wit langmou das-hemp met boonste knoop Skooldas Groen rompie Grys langbroek met grys sokkies Swart skoolskoene met swart kouse Groen trui met wapen Groen pullover met wapen Groen reënbaadjie met kappie binne-in kraag met skoolwapen (Lana du Toit)	Wit langmou das-hemp met boonste knoop Skooldas Grys kort- of langbroek Swart skoolskoene met grys skoolsokkies Groen trui met wapen Groen pullover met wapen Groen reënbaadjie met kappie binne-in kraag met skoolwapen (Lana du Toit)

GRAAD 4 - 7	
WINTER	
DOGTERS	**SEUNS**
Wit langmou das-hemp met boonste knoop Skooldas Groen rompie Grys langbroek met grys sokkies Swart skoolskoene met swart kouse Groen trui met wapen Groen pullover met wapen Groen reënbaadjie met kappie binne-in kraag met skoolwapen (Lana du Toit)	Wit langmou das-hemp met boonste knoop Skooldas Grys kort- of langbroek Swart skoolskoene met grys skoolsokkies Groen trui met wapen Groen pullover met wapen Groen reënbaadjie met kappie binne-in kraag met skoolwapen (Lana du Toit)

Dinsdae en Donderdae wanneer daar sportoefeninge is, kan leerders met hul sweetpak en tekkies (nie swart skoolskoene nie) skool toe kom. Geen ander klere en kleure onder die sweetpak nie, asseblief!

SNOEPIE

Diegene wat belangstel, kan vanaf Maandag, 9 Mei snoepie kaartjies van R50 of R100 by Mev Smit se kantoor koop. Die R100-kaart bestaan uit tien R10-blokkies vir broodjies en die R50-kaart bestaan uit kleiner bedrae vir los lekkers, chips, koeldrank ens. Ons wil graag kyk of hierdie idee werk sodat leerders nie met kontant by hulle hoef rond te loop nie. Die kaartjie sal die leerder se naam en 'n skoolstempel op hê en die bedrag/bedrae waarvoor die leerder items aankoop, sal dan op die kaartjie doodgetrek word.

Baie dankie aan Mnr Olivier en al sy helpers vir hul moeite om fondse deur die Laerskool snoepie te genereer sodat die drie stoeltjies en tafeltjies voor die snoepie en langs die netbalbane aangekoop kon word.

EKSAMENROOSTERS

Hiermee die voorlopige eksamenroosters vir die Junie-eksamen.

LAERSKOOL

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
8 Junie	SW – Aard	Eng	Afr	Wisk
9 Junie				SK
10 Junie	Eng	SW – Gesk	NW	EBW
13 Junie	NW	Wisk	SW – Gesk	NW
14 Junie				LO
15 Junie	Wisk	NW	SW – Aard	SW – Aard
20 Junie	Afr	SW – Aard	LV	SW – Gesk
21 Junie				Eng
22 Junie	SW – Gesk	LV	Wisk	Teg
23 Junie	LV	Afr	Eng	Afr

Hoërskool

DATUM	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
2 Junie					Afr 1 / VS prakties G1
3 Junie	LO	EBW	Afr 1	Eng 1 / VS prakties G1	Wisk 1 / WG 1
6 Junie	SW – Aard	Wisk 1	ST / VS	ST / VS	Wisk 2 / WG 2
7 Junie	Afr 1	LO	Eng 1	Afr 1	Eng 1 / VS prakties G2
8 Junie	SW – Gesk	Wisk 2	FW 1 / BS / Geo 1	Wisk 1 / WG 1	LW 1 / RTT 1
9 Junie		Eng 1	Eng 2	Afr 2	Eng 2 / VS prakties G3
10 Junie	EBW	NW	FW 2 / Geo 2	Wisk 2 / WG 2	LW 2 / RTT 2
13 Junie	NW	SW – Aard	Wisk 1 / WG 1	LW 1 / RTT 1	FW 1 / BS / Geo 1 & 2
14 Junie	Afr 2	Eng 2	VS prakties G1 & G2	LO	Eng 3
15 Junie	Teg	SW – Gesk	Wisk 2 / WG 2	LW 2 / RTT 2	FW 2
20 Junie	Wisk 1	Teg	LW 1 / RTT 1	FW 1 / BS / Geo	Rek / ST / VS
21 Junie	Eng 1	Afr 1	Afr 2	VS prakties G2 & G3	Afr 2
22 Junie		SK	LO / VS prakties G3	FW 2 / Geo 2	LO
23 Junie	Wisk 2	Afr 2	LW 2 / RTT 2	Eng 2 / VS prakties G4	Afr 3

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
29 April 2016